Fiat aan die voorpunt

Die kragtigste enjin in die Grande Punto-reeks is nou vervang met 'n 1,4 liter-turbopetrol. Wat bied hy: verrigting, of goeie maniere vir die stedeling?

Standaard-kenmerke Fiat Grande Punto T-Jet	
Lugsakke	Voor/sykant/oorhoofs
Veiligheid	ABS/EBD/ESP/ASR
Verkoeling	Lugversorger
Klankstelsel	Radio/CD/MP3
Sentrale sluiting	Ja
Alarm/immob	Ja
Togbebeer	Nee
Stuur-verstelling	Hoogte/diepte
Sitplekverstelling	Hand
Bekleding	Materiaal
Aantal sitplekke	5
Misligte	Agter
Sondak	Nee
Sensors	Geen
Parkeerhulp	Geen
Ligte	Halogeen
Isofix-hegpunte	Ja
Elektriese hulp	Vensters/spieëls

Fiat is besig om sy reeks motors met enjins toe te rus wat so lig as moontlik op brandstof is in 'n poging om aan immer-strenger uitlaat-maatreëls te voldoen. Soos meeste vervaardigers word dit gedoen deur enjins met 'n klein verplasingsinhoud met 'n drukaanjaer of 'n turbo (of twee) toe te rus.

Dit is met die argument dat Fiat hul Grande Punto-reeks reeds aangepas het en dat die topmodel nou die 1,4 liter T-Jet is en nie meer die 1,9 liter-turbodiesel M-Jet nie. Aangesien die meeste motors in Gauteng verkoop word (waar die kraglewering van motors met ongeveer 17% afneem) onderskryf dit Fiat se beweegrede nog meer.

Soos voorheen is daar die keuse van drie- en vyfdeur-modelle, hoewel eersgenoemde bakvorm slegs op die intree- (1,2 liter) en die top Sport-model beskikbaar is. Ons toetsmotor was die vyfdeur 1,4 liter T-Jet wat ook kans gebied het om enkele algemene verbeterings aan die reeks te beproef – onder meer ESP – terwyl kopers nou meer bakkleure en opsies het om van te kies.

Die binneruim vertoon netjies, eenvoudig gestileer met materiale wat sagter op aanraking is, veral tussen die paneelkissie en die paneelbord, en op die middelkonsole. Die binneruim is wel nie sonder gebreke nie. Die twee bekerhouers voor die rathefboom is heeltemal onprakties geplaas, want sodra jy ratte begin wissel is enige houer wat hoog staan in die pad. Agter die handrem is 'n

BlitsGids	Fiat Grande Punto 1,4 T-Jet Dynamic	Ford Fiesta 1,6 Titanium	Mazda2 1,5 Individual	VW Polo GTI
Enjintipe:	Gelid-4, turbopetrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, turbopetrol
Verplasing:	1 368 cm³	1 596 cm³	1 498 cm³	1 781 cm³
Kragsyfers:	88 kW/206 Nm	88 kW/149 Nm	76 kW/136 Nm	110 kW/220 Nm
0-100 km/h:	9,56 sek.	10,53 sek.	10,84 sek.	8,24 sek.
Topsnelheid:	193 km/h	193 km/h*	177 km/h*	215 km/h
Verbruik:	6,6 ℓ/100 km*	5,9 ℓ/100 km*	5,9 ℓ/100 km*	7,8 ℓ/100 km*
CO_2-uitlate:	155 g/km*	139 g/km*	140 g/km*	186 g/km*
Basisprys:	R191 500	R189 900	R197 150	R241 000
Internet:	www.fiat.co.za	www.ford.co.za	www.mazda.co.za	www.vw.co.za

*Vervoerdigheidtes

In dieselfde prysklas: Daihatsu Terios 4x2 (R199 995); Suzuki Swift 1,5i GLS (R158 900); Nissan Livina 1,6 Acenta+ (R163 000); Toyota Corolla 1,3 Advanced (R195 900)
Met dieselfde bakstyl: Chevrolet Aveo LT (R165 700); Honda Jazz 1,5 VTEC EX (R187 900); Hyundai Getz 1,6 GL HS (R145 900); Opel Corsa 1,4 Cosmo (R181 520)

SPESIFIKASIES	Grande Punto 1,4 T-Jet
	ENJIN
Silinders	Gelid-4, dwarsgemonteer
Brandstoftoevoer	Elektroniese petrol-inspuiting, turbo, tussenkoeler
Boor x slag	72,0 mm x 84,0 mm
Verplasingsinhoud	1 368 cm³
Drukverhouding	9,8 : 1
Klepgang	DBNA, 4 kleppe per silinder
	VERRIGTING
Maks. drywing ISO (kW)	88 @ 5 000 r/min
Maks. wringkrag (Nm)	206 @ 1 750 r/min
	RATKAS
Ratte vorentoe	Vyfgang handrat
1ste rat	3,91 : 1
2de rat	2,24 : 1
3de rat	1,44 : 1
4de rat	1,03 : 1
5de rat	0,84 : 1
Trurat	3,91 : 1
Finale aandrywing	3,73 : 1
Dryfwiele	Voor
Hulpmiddels	Vastrapbeheer
	WIELE EN BANDE
Padwiele	6J x 15 allooi
Handelsmerk	Continental Conti EcoContact3
Bandgrootte	185/65 R15
Noodwiel	Volgrootte staal
	REMME
Voor	284 mm geventileerde skywe
Agter	Trommels
Veiligheidstelsels	Sluitweerremme en elek. remkragverspreiding
	STUUR
Tipe	Tandstang en kleinrat met snelheidsensitiewe elektriese kraghulp
Kant tot kant	2,6 draaie
Draaisirkel	10,0
	VEERSTELSEL
Voor	MacPherson-stutte, teenkantelstaaf
Agter	Wringbalk, krulvere, teenkantelstaaf
	VERPLASINGSINHOUD
Sitplekke	5
Brandstoftenk	45 liter
Bagasieruim	232 – 896 dm³
	WAARBORG EN DIENSINTERVALLE
	2 jaar/onbeperkte km-waarborg
	5 jaar/90 000 km-diensplan
	Dienste (km): 30 000 km of 12 maande

Toetsnotas

FR: 'n Werklik aantreklike motor in die B-segment wat meer aandag verdien as wat dit tans geniet. Wakker verrigting van die T-Jet-enjin, maar hantering bietjie pap – wat van stywer vere om bakrol te beperk?

TS: Die T-Jet is 'n wonderlike enjin, en dit komplementeer die Grande Punto perfek. In alledaagse bestuur het jy nie meer krag nodig as wat hier gebied word nie. Dis myns insiens ook die mooiste luikrug in hierdie segment (veral die snoet met dié model se silwer sierrooster). Maar ondanks die Ford Fiesta se skamele twee lugsakke en swakker enjin bied dit 'n veel meer oortuigende pakket wat dinamika betref. En die Fiesta is (effe) goedkoper!

Wat kan beter?

- 'n Beter ratkas.
- Stywer vere.

Toetse uitgevoer met

TOTAL

You know where to turn

vlakker bekerhouer.

Agter is ruimte vir passasiers effe knap. Soos baie luikrûe in die segment is daar teoreties plek vir drie kinders of twee volwassenes, maar moet grootmense met hul knieë gerig na beide kante van die voorsitplek sit.

Meer belangrik is hoe die 1,4 liter-turboenjin hom in die Grande Punto gedra. Gegewe die Grande Punto se massa van 1 231 kg is dit verskoonbaar om te dink dat 'n 1,4 liter-turboenjin nie veel sal kan regkry nie, maar dit is glad nie die geval nie. Met 88 kW en 206 Nm onder die voet is daar eweredige lewering van krag reeds van laag in die bestek (en hy loop eers teen 6 000 r/min uit stoom). Werk deur al die ratte en dié Fiatjie hardloop tot vlak onder 200 km/h.

Vergelyk hom met 'n segment-ikoon soos die VW Polo GTI (WIEL, Desember 2006), en die Grande Punto vaar beter as wat 'n mens verwag. Die Polo klop die Punto tot 100 km/h (8,24 sek. vs. 9,56 sek.) en oor die kilometer-lopie (29,25 sek. vs. 31,16 sek.), maar met inrat-versnelling is daar 'n paar plekke waar die Fiat die VW klop (al beskik die GTI oor 110 kW/220 Nm). Bestuur hom slim, en maak gebruik van die draaimoment, en die Punto bevredig heelwat.

Tydens kennismaking met vorige Fiats het ons die ratkas los en rubberig gevind, en die Grande Punto is geen uitsondering nie. Ons wonder of dit nie tyd is om die vyfgang handratkas met 'n sesgang te vervang nie?

Onder alledaagse gebruik verdien dié Fiat 'n goue sterretjie. Wat hom so ontspannend maak om te bestuur is die aangename demping wat erge hobbels uit die pad vee. Tog, looi hom in draaie en greepvlakke is meer as aanvaarbaar, hoewel bakrol minder kon wees. Hoewel die 185/65 R15-bande op ons toetsmotor nie heeltemal so sportief lyk nie, het dit punte ingewin wat ritgehalte betref. Hy's dus gebou vir gerief, en diegene wat meer dinamika verlang, moet eerder kyk na die Sport, wat kom met 'n aantrekliker driedeur-bak en groter 17 duim-wiele met 205/45-bande.

Gevolgtrekking

Dié Grande Punto met sy gewillige enjin het ons geval. Afhangend met watter motor jy hom direk wil vergelyk, vertoon die prys moontlik styf, maar daar is heelwat in terme van toerusting en die verrigting – vir 'n 1,4 liter – is uit die boonste rakke.

Daar is egter die kwessie van handelaar-voetspoor, wat maklike toegang tot diens- en rugsteungeriewe vir baie voornemende kopers 'n struikelblok mag wees. Lae afset-volumes bring 'n ander faktor in spel – herverkoopwaardes.

Maar dis net deel van die prentjie – ons meen die Fiat hoort op die kortlys van elke voornemende koper wat in die B-segment rondsoek. ■

TOETS-UITSLAE	Grande Punto 1,4 T-Jet			
	SNELHEID (km/h)			
*Maksimum	193 @ 5 250 r/min			
Toerelimiet	6 500 r/min			
Snelheidsmeter	60	80	100	120
Ware snelheid	56	75	94	112
	VERSNELLING (sekondes)			
0-60	4,27			
0-80	6,37			
0-100	9,56			
0-120	13,37			
1 km naellopie	31,36			
Eindsnelheid	165,6 km/h			
	VERBYSTEEK-VERSNELLING (sekondes)			
	3de	4de	5de	
40-60	2,65	4,64	7,72	
60-80	2,52	3,71	4,85	
80-100	2,85	3,84	5,07	
100-120	3,80	4,31	5,53	
120-140	-	5,45	6,75	
	VERBRUIK (EU-voorskrifte)			
Stad	8,7 ℓ/100 km			
Hoofweg	5,4 ℓ/100 km			
Gekombineerd	6,6 ℓ/100 km			
Geskatte reikafstand	568 km			
CO_2-uitlating	155 g/km			
	REMTOETSE			
100-0(sek)	2,85/3,08 (beste/swakste)			
Gemiddeld van 10	3,00 (goed)			
	(Gemeet in sek. van 'n werklike snelheid tot stilstand met			
	intervalle van 30 sekondes op 'n goeie teeroppervlak)			
	GERAASVLAKKE (dBA)			
Luier	41			
60 km/h	-			
120 km/h	69			
	VERRIGTINGSFAKTORE			
Drywing/massa (W/kg)	71			
Drywing/liter (kW/liter)	64			
Wringkrag/liter (Nm/liter)	151			
Vooroppervlak (m²)	2,51			
Sleurkoëffisiënt (Cd)	0,31			
Massa soos getoets (kg)	1 231			
Gewigsverspreiding v/a (%)	62/38			
	(Bereken volgens "massa soos getoets", bruto voorop-			
	pervlak, ratverhoudings en ISO kragleweringsyfers)			
	TOETSOMSTANDIGHEDE			
Hoogte	Seevlak			
Weer	Helder, warm, geen wind			
Odolesing	2 490 km			

14/20